**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 2 9 9 | 8/10/8/1/14/226 | 32 9 | 1 1 7 6 6 |

81 8. 14.

DIE VADERLAND Jg. 46 Nr. P. 12 Dat.

# Die Vaderland

**VRYDAG 14 AUGUSTUS 1981**

# Terrorisme: Nuwe fase

**TERRORISME** in Suid-Afrika het werklikheid geword, soos maar alte duidelik bewys is deur die vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte.

Voor dit het ons al o.m. die aanslag op die bank in Silverton, sabotasie van Sasol en Evkom, bomontploffings in sakegeboue en aanvalle op polisiestasies gehad.

Verskeie voornemende terroriste is ook al deur die polisie gevang en voor die hof gebring.

Hieruit is dit duidelik dat die aanslag aan verskeie fronte gevoer word, teen die algemene, weerlose publiek, teen strategiese installasies, teen die polisie en nou selfs teen 'n weermagsentrum.

Woensdagaand se aanslag teen Voortrekkerhoogte dui ook daarop dat die terroriste-aanslag 'n meer gesofistikeerde fase binnegegaan het.

Die DKZ-B wat gebruik is, word as die akkuraatste wapen in sy soort beskou.

Dit dui ook daarop dat terroriste teen Suid-Afrika nou van meer en beter wapens voorsien word.

Terwyl die rewolusie in Angola, Mosambiek en gewese Rhodesië aan die gang was, was die ANC die afskeepkind van die Russe en ander kommunistiese lande.

Nou het die prentjie verander. Saam met Swapo staan hulle nou aan die voorpunt van die aanslag teen die werklike teiken, Suid-Afrika.

Ons moet verwag dat dié aanslag in omvang, voorkoms en effektiwiteit sal toeneem. Tot hede het die terroriste nie veel skade aangerig aan óf installasies òf menselewens nie. Dit sal ongelukkig verander namate terroriste beter opgelei word en meer ervaring opdoen.

Maar die aanslae beklemtoon ook die noodsaaklikheid van ons eie teenweerbaarheid op drie vlakke.

Ten eerste moet staatkundige, ekonomiese en maatskaplike veranderinge in hoogste rat kom as politieke arm van die teenaanslag.

Daar moet nie rede tot simpatie met die rewolusioniste aan die binnelandse bevolking gebied word nie.

Tweedens regverdig dit nogeens die sterk Suid-Afrikaanse wapen- en weermagsopbou waarvoor in die begroting voorsiening gemaak word.

Ten derde onderstreep dit egter die noodsaaklikheid dat ook die polisie beter toegerus en hul diensvoorwaardes aantrekliker gemaak moet word. Hulle veg immers in die voorste linie binnelands. Ongelukkig is hier nog ruimte vir groot verbetering, veral vergeleke by die Weermag.

**TREFWOORDE**

1. Redaksioneel
2. Voortrekkerhoogte
3. Stedelike Terrorisme
4. Vuurpyle
5. Aanvalle
6. ANC
7. Strategie
8. Verandering
9.
10.